Weekbrief 6
Geagte ouers.

Die Covid 19 pandemie plaas 'n groot verantwoordelikheid op skole en ouers. Besluite moet deurgaans geneem word in belang van die veiligheid van ons kinders. In 'n vorige weekbrief het ek elke rolspeler se verantwoordelikhede uitgespel. Ek wil net weereens bevestig dat die **KINDERS se veiligheid** vir ons die prioriteit is. Ouers is baie onseker daarom is dit belangrik dat ons sover as moontlik u vrae beantwoord.

**1) Vraag: Wat is die prosedure as 'n leerder of onderwyser positief getoets is?**

1.1 Die Departement van Onderwys en Departement van Gesondheid word onmiddellik in kennis gestel.

1.2 Verteenwoordigers van die departemente besoek die skool en assesseer die situasie.

Hierdie proses bestaan uit:

- Assesseer die situasie.
- Identifiseer die persone wat in direkte kontak met die persoon was.
- "Screening" van die persone.
- Besluit oor die pad vorentoe.

Opsies wat daar is.

- Screening van die leerders. Die skool bly oop
- Sluit die skool. Dekontaminasie van die skoolgeboue. Die probleem met dekontaminasie is dat dit baie duur is en die skool kan dit nie bekostig nie.
- NB. Die skoolhoof kan nie besluit om die skool te sluit nie. Die besluit lê by die departemente.

1.3 Dit is belangrik vir ons om ouers,leerders en onderwysers op hoogte te hou van die proses.

**2. Vraag: Waarom word sekere skole gesluit en ander bly oop?**

Die situasie bepaal watter prossesse gevolg gaan word. Elke situasie is uniek.
'n Leerder wat huistoe gestuur word voor skool begin het, het geen impak op die skool;
Indien 'n eerder by die skool is en positief getoets word, is dit 'n ander saak.

**3. Vraag: Wat doen die skool om die leerders veilig te hou?**

- Leerders word elke oggend gescreen. ‘n Leerder wat siek is, simptome toon of met ‘n positiewe persoon in kontak was, word huistoe gestuur.
- Temperatuur word geneem, hande en skoene word gereinig en register word geneem.
- Indien ‘n leerder die klasse instap of verlaat word hulle hande gereinig.
- Indien ‘n leerder die klasse instap of verlaat om badkamers toe te gaan, word hulle hande gereinig.
- Klasse word gereinig na elke periode.
- Klasse en busse word elke middag gereinig.

4. **Vraag: Waarom is die infassering van die graad 10 leerders uitgestel?**

As gevolg van die koue, was dit nie raadsaam om die graad 10 leerders Dinsdag terug te bring nie. Die graad 10 leerders word vanaf Maandag, 20 Julie ingefaseer in twee groepe. Daarna sal ons begin om voor te berei vir die infasering van die Graad 9 en 8 leerders. **Die veiligheid van ons kinders** is die <u>kriteria</u> vir die besluit om meer grade terug te bring.

5. **Vraag: Is daar genoeg tyd om die werk af te handel?**

Gr 8 - 11 leerders se werk is “afgebaken”.
Dit sal wel moontlik wees om die werk af te handel.
Gr 12. Ongeveer 70% van die sillabusse is reeds afgehandel. Die eindeksamen is uitgestel met ‘n maand, dus sal die leerders wel die sillabusse kan voltooi.

Dit is egter belangrik dat die leerders deurlopend by die huis werk. Ek is van mening dat AL ons Graad 12 leerders die eindeksamen kan slaag. **Daar is dus geen rede vir paniek nie.**
**Die veiligheid van ons kinders is dus die belangrikste oorweging.**

6. **Ek wil ‘n beroep doen op ons ouers om :**

- **Kinders by die huis te hou as hulle siek is.**
- **Kinders na skool en oor naweke by die huis te hou. Daar is net te veel kinders wat in die strate en winkelsentrums rond loop.**
- **Kinders mag nie bymekaar kuier nie. Dit help nie die skool beskerm die kinders en dan loop hulle na –ure rond in die strate en winkelsentrums. Hulle dra die virus na die skool toe. Foto’s word op sosiale media geplaas van leerders wat oor naweke saam kuier.**
- **Toe te sien dat leerders by die huis werk. Leerders moet op datum bly met die werk.**

7. **Vraag : Waarom bly skole nog oop terwyl piek tydperk van Covid 19 genader word?**

Dit is ongelukkig die besluit van die Minister van Basiese Onderwys.

8. **Afwesige leerders**

Indien 'n leerder in kontak was met 'n positiewe persoon, moet die leerder vir 14 dae geisoleer word en mag skool nie bygewoon word nie.
Leerders wat nie lekker voel nie, moet ook by die huis bly. Daar is whatsapp groepe waar u kind kan vra vir werk en dus op hoogte van skoolwerk bly. Maak seker dat u kind op hierdie groepe is. Onderwysers help met graagte. Ons beveel ook aan dat 'n maat vir u kind notas vat, dit afneem en vir u kind stuur. Daar is dus geen rede waarom leerders nie akademies kan bybly nie. Assesserings word gedoen, dus moet onderwysers ingelig word oor kinders se afwesighede en moet briewe ingehandig word sodat leerders nie nul kry nie.

9. **Wiskunde Olimpiade**

Vyf van ons skool se leerders (Gr 10 – 12) het op 16 Julie aan die tweede rondte van die SAMO wiskunde olimpiade deelgeneem. Dit was maar 'n baie uitdagende rondte en hulle het omtrent die grysstof laat werk.

Gr 12 Vusumzi Magqibela
Gr 11 Riandre Nel
Gr 10 Jordan Goodman; Phenyo Mokhobo; Palesa Nteo

Ons hou duimvas dat jul na die volgende rondte sal deurgaan.

10. **Maatskaplike werk student**

Rethabile Lekata en Mieke van Heerder, vierde jaar studente in Maatskaplike werk het by ons aangesluit. Mieke het in Douglas gematrikuleer en Rethabile in Welkom. Daar sal van hulle verwag word om die gemeenskap, Bloemfontein Hoërskool te dien deur 'n projek. Hulle sal groepswerk doen om ''n behoefte by leerders aan te spreek. Hulle is ook opgelei om leerders individueel te ondersteun indien nodig. Moet nie huiwer om by die ondersteuningsdienste aan te klop vir hulp nie. Ons hande word verder versterk deur Rethabile en Mieke wat by ons bly tot in November waarna hul , hul finale mondelinge eksamen moet aflé.

## WEEKLY LETTER 6

**DEAR PARENTS**

The Covid 19 pandemic places a huge responsibilities on schools and parents. Decisions must always be taken in the best interest of the safety of our learners. In a previous weekly letter, I have highlighted every role player's responsibilities. I want to reiterate that

the LEARNERS' safety is our main priority. Parents are very uncertain and it is therefore important that we answer your questions as best possible.

**1. QUESTION: What is the procedure is a learner or teacher tests positive?**

1.1 The Department of Education and the Department of Health are notified immediately.

1.2 Representatives of these departments visit the school and assess the situation. This process consists of:

- Assess the situation
- Identify the people who were in direct/close contact with the infected person
- " Screening" these people
- Decide on the way forward. Options are:
- Screening the learners. The school remains open.
- Close the school. Decontamination of the school buildings. The problem with decontamination is that it is extremely expensive and the school cannot afford it.
- NB: The principal cannot decide whether the school can close or not. This decision remains with the two departments previously mentioned.

1.3 It is important to keep parents, learners and teachers informed about the process.

**2. QUESTION: Why are certain schools close while others remain open?**

The situation determines which processes will be followed. Each situation is unique. A learner sent home before school has started, does not have any impact on the school. When a learner has been at school and is then tested positive, it is a different situation.

**3. QUESTION: What does the school do to keep the learners safe?**

- Learners are screened every morning. A learner who presents symptoms or who has been in contact with a positive person, is sent home immediately.
- Temperatures are taken, hands and shoes are sanitized and the register is taken.
- When a learner enters the class, his/her hands are sanitized and if he/she leaves the class his/her hands are sanitized.
- If a learner leaves the class to go to the bathroom his/her hands are sanitized again.
- Classes are sanitized after each period.
- Classes and buses are sanitized every afternoon.

**4. QUESTION: Why has the phasing in of grade 10-learners been postponed?**

Due to the cold, it was not advisable to let the grade 10-learners come back to school on Tuesday. The grade 10-leaners will return to school from Monday 20 July in two groups. After that we will start to prepare for the return of the grade 8 and 9-learners. The safety of our learners is the only criteria for the decision to bring back the respective grades.

**5. QUESTION: IS THERE ENOUGH TIME TO FINISH THE WORK IN TIME?**

The grade 8 – 11 learners: Their work has been trimmed. It will be possible to finish the work.

Grade 12: More or less 70% of the syllabi has already been completed. The final examination will commence more or less a month later than normal, therefore the learners will be able to complete their syllabi.
It is important that learners work constantly at home. I am of the opinion that all our grade 12-learners will be able to pass the final examination. **Therefore there is no reason for panic. The safety of our learners is our main priority.**

6. **I want to urge parents to:**
   - **Keep their children at home is they are ill**
   - **Keep children at home after school and during weekends. There are too many children in the streets and in malls. Learners must not visit their friends. It does not help if the school endeavours to keep learners safe and then they spend time in malls and visiting friends. They then carry the virus into the school. Photos are put on social media of learners visiting and socialising over weekends.**
   - **See to it that learners work at home as they have to stay up to date with the work done.**

7. **QUESTION: Why do schools remain open while we are nearing the peak of the Covid 19 pandemic?**
   This, unfortunately remains the decision of the Minister of Basic Education.

8. **LEARNER ABSENTEEISM:**
   If a learner was in contact with a positive person, the learner must be isolated for 14 days and may not attend school. Learners who feel ill, should also remain at home. There are what's up groups where your child can ask for work and stay up to date with the work done. Please make sure that your child is on these groups. Teachers will assist you in this regard. We also recommend that a friend takes notes and send it to your child. There is thus no reason why learners cannot stay up to date with academic work. Assessments are done, therefore teachers must be made aware of learners being absent and medical certificates must be handed in to ensure that learners do not get zero for assessments they have missed.

9. **MATHEMATICS OLYMPIAD**
   Five of our learners (Grade 10-12) took part in the second round of the SAMO Mathematics Olympiad on 16 July. It was a challenging round and they had to exert themselves to overcome this challenge.

| | |
|---|---|
| Grade 12 | Vusumzi Magqibela |
| Grade 11 | Riandre Nel |
| Grade 10 | Jordan Goodman; Phenyo Mokhobo; Palesa Ntheo |

We trust that you will go through to the next round.

10. **STUDENT: SOCIAL WORKERS**
    Rethabile Lekata and Mieke van Heerden, fourth year students in Social Work have joined us. Mieke matriculated in Douglas and Rethabile in Welkom. It is expected of them to serve the community, Bloemfontein High School with a project. They will do group work with learners who are in need of assistance and they are also equipped to assist and support learners individually if the need arises. Do not hesitate to come to the support services if you need help. Our hands will be

strengthened by Mieke and Rethabile who will be with us till November when they will have to do their final oral examination. We are privileged to have them with us.

## 11. Top 10

Baie geluk aan die volghende Top 3 presteerders in graad 11 / Congratulations to the following Top 3 learners in grade 11:



3rd Postion: Helen Talbot (85%)



2nd Retshepile Likhoele(79,14%)



1st Position: Riandré Nel(91,57%)

| **Class Photos Available** | **Klasfoto's Beskikbaar** |
|---|---|
| Gr 12<br>A5 Class Photo R30<br>A3 Matric Photo R80<br>Combo R100 | Gr 12<br>A5 Klasfoto R30<br>A3 Matriekfoto R80<br>Kombinasie R100 |
| Gr 8 – 11<br>A5 Class Photo R30 | Gr 8 – 11<br>A5 Klasfoto R30 |
| CASH ONLY. Order at the finance office | SLEGS KONTANT. Bestel by die finansiële kantoor |

**Welcome back everyone**

Dynamics have changed at the tuck-shop too after LOCKDOWN. We function on **order basis** to accommodate everybody.

**MENU:**

Ham and cheese R15
Russian dog R20
Slap chips R15
Chicken burger R20
Beef burger R22

**Top up your order with a half order of chips for only R7.50 !**

If you arrive late please WhatsApp Mercia on 078 465 9994 with your order and name before 8:00 in the




**Ondersteun asseblief hierdie kosinsamelingsprojek van die skool. Die grendeltyd het soveel van ons ouers in nood geplaas, daar is huishoudings waar regtig geen kos is nie. Indien u hoegenaamd in die posisie is om te help met enige vorm van nie bederfbare voedsel, kan u dit na juffrou van Heerden stuur by die skool of kontak haar indien u voel dat u op 'n ander wyse kan help / Please support this school food fundraising project. The lockdown has put so many of our parents in distress, there are households where there really is no food. If you are in a position to help with any form of non-perishable food at all, you can send it to Miss van Heerden at the school or if you feel that you can help in another way please contact her.**